



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL
Graad 10
Hersieningsoefeninge

Opsomming

2020

**Bronne: Provinsiale en DBE Eksamenvraestelle en
Nasiemriglyne**

**Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die
Graad 12 Afrikaans Tweede Addisionele Taal Vraestelle en Nasiemriglyne:**

Mpumalanga Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

OEFENING 1

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2:

Teks C: Wenke vir jong skrywers

- Som die wenke vir jong skrywers in JOU **EIE** SEWE VOLSINNE op.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

WENKE VIR JONG SKRYWERS

1. Muneiwa Ramantswana (15) se ouers is baie trots op hulle talentvolle dogter. Sy het op dertien al 'n boek geskryf. Dié boek is deur Oxford University Press gepubliseer. Jy moet 'n erkende uitgewer kry om jou boek te publiseer.
2. “Ek het in Graad 8 aan 'n kompetisie deelgeneem. Ek het besluit om 'n boek met die titel **Saved by a Mamba** te skryf.” Jy moet baie toegewyd wees om 'n boek te skryf en dit te voltooi.
3. Jy moet gedissiplineerd wees. Muneiwa woon in Makhado. Sy studeer gewoonlik tot 01:00 (eenuur vm.) en word om 04:30 (halfvyf vm.) wakker om reg te maak vir skool.
4. Haar skool is in Thohoyandou wat omtrent 40 kilometer van Makhado is. Sy begin om 05:00 (vyfuur vm.) stap om die bus te haal. Skrywers moet gemotiveerd wees.
5. “My ouers is baie streng. Ek het eers gedink my ouers is onregverdig. Hulle het my net probeer beskerm en gewaarsku teen dwems. Jy mag nie dwelms gebruik as jy skryf nie.

6. Muneiwa wil eendag medies gaan studeer. Sy stel belang in ander mense en sal daarvan hou om mense gesond te maak. Jy moet weet wat jy in die toekoms wil doen.

7. Jy moet jou drome uitleef. Muneiwa is van mening dat wie nie drome het nie, 'n vervelige lewe het.

[Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense* Gr 10]

TOTAAL AFDELING B: [10]

OEFENING 2**Afdeling B: Opsomming****Vraag 2****Teks C: Wenke oor hoe om beter te voel as jy siek is.**

- Som in sewe volsinne op oor **hoe om beter te voel as jy siek is**.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe om beter te voel as jy siek is.

1. Neem 'n lekker warm bad in die oggend. Wanneer jy skoon voel, lyk alles rooskleurig.
2. Maak seker jy het die regte medikasie byderhand. Dit is nie lekker om by die werk te sit met 'n pyn sonder die regte medikasie nie.
3. Bly weg van koffie en gemorskos. Dit mag jou slegter laat voel.
4. Wanneer jy siek is voel dit asof jy skaars kan praat. Moenie die hele dag lank vir almal in die fynste besonderhede vertel wat met jou verkeerd is nie.
5. Bel onmiddellik die apteek. Onthou, daar is apteke wat aflewer – selfs al het jy nie 'n rekening by hulle nie.
6. Stel vergaderings of afsprake wat stresvol mag wees uit. Dit is nie moontlik om te konsentreer as jy siek is nie.
7. Maak 'n afspraak by jou huisdokter oor middagete. As jy wag tot jy dodelik siek is voor jy jou dokter gaan sien, neem dit langer om gesond te word.

(www.health24.com)

Totaal Afdeling B: 10

OEFENING 3

AFDELING B:

OPSOMMING VRAAG 2

TEKS C: Veiligheid eerste

- Som die stuk op in SEWE SINNE op oor hoe om veilig in die straat te wees
- Skryf die SEWE sinne puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Veiligheid eerste

Steek altyd 'n pad by voetorgang oor. As daar nie een is nie, stap oor waar jy die verkeer goed kan sien.

Moenie die pad oorsteek tussen twee geparkeerde motors of naby 'n skerp draai nie – dan kan die motorryers jou nie sien nie.


Kyk links, regs en weer links om seker te wees dis veilig. Onthou, jy kan jou misreken met hoe vinnig 'n voertuig aankom.

Luister. Jy kan soms verkeer hoor voor jy dit kan sien, so luister of jy motors hoor aankom.

As jy dink 'n bestuurder het jou gesien en wag dat jy oor die pad stap, probeer om hom in die oë te kyk om seker te maak hy wag vir jou.

Stap vinnig en reguit oor die pad. Moenie hardloop nie, want dan kan jy makliker val.

Moet nooit in die pad stap of staan nie. Die paaie is vir motors om in te ry, nie vir kinders om in te loop nie.



OEFENING 4

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 3

TEKS C: Goeie en gesonde eetgewoontes

INSTRUKSIES: Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Skryf SEWE wenke vir **gesonde eetgewoontes** neer.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.


GOEIE EN GESONDE EETGEWOONTES

1. Dit is belangrik om jou dag met 'n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, 'n 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.

2. Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamienes, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir 'n gesonde leefstyl is.

4. Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder.

6. Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.



3. Drink genoeg water; 6 – 8 glase is 'n goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink.

5. Korrekte porsiegroottes is belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed.

7. Probeer om jou vet-inname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat-en hartsiektes

OEFENING 5

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Teks C: Hoe om misdaad te beveg.

- Som in sewe volsinne op oor **hoe om misdaad te beveg**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe om misdaad te beveg.

1. Sorg dat jy die telefoonnommers van jou ouers en die polisie ken om misdaad te rapporteer. Jy kan hulle bel as jy hulp nodig het.

2. Om uit die moeilikheid te bly moet jy jou identiteitsdokument veilig hou. Jy moet kan bewys wie jy is.

3. Moet nooit jou bankkaart aan enige iemand gee om vir jou geld te trek nie. Hulle kan jou geld steel.

4. As jy jou selfoon wil wegsteek, hou dit waar niemand dit kan sien nie. Mense sal jou aanrand om jou selfoon te steel.

5. Moenie kos en drankies van mense wat jy nie ken, vat nie. Op so manier kan jy vergiftig word.

6. Jy moet geweld teen vroue en kinders rapporteer as deel van jou plig om misdaad te beveg. Dit is soms vir hulle moeilik om dit self te rapporteer.

7. Moenie gesteelde goed koop nie. Dit kan jou in die tronk laat beland.

[Bron: *www google*]

NASIENRIGLYNE**OEFENING 1****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: WENKE VIR JONG SKRYWERS**

	Teks uit die leesstuk	Verwagte antwoorde
1	Muneiwa Ramantswana (15) se ouers is baie trots op hul talentvolle dogter. Sy het op dertien al 'n boek geskryf. Dié boek is deur Oxford Univercity Press gepubliseer. Jy moet 'n erkende uitgewer kry om jou boek te publiseer.	Dit is beter as 'n bekende uitgewer jou boek uitgee.
2	“Ek het in Graad 8 aan 'n kompetisie deelgeneem. Ek het besluit om 'n boek met die titel Saved by a Mamba te skryf.” Jy moet baie toegewyd wees om 'n boek te skryf en te voltooi.	Om 'n boek te skryf moet jy toegewyd wees.
3	Jy moet gedissiplineerd wees. Muneiwa woon in Makhado. Sy studeer gewoonlik tot 01:00 (eenuur vm.) en word om 04:30 (halfvyf vm.) wakker om reg te maak vir skool.	Jy moet gedissiplineerd wees en spesifieke tye van die dag werk.
4	Haar skool is in Thohoyandou wat omtrent 40 kilometer van Makhado is. Sy begin om 05:00 (vyfuur vm.) stap om die bus te haal. Skrywers moet gemotiveerd wees.	Jy moet gemotiveerd wees en nie teen probleme vaskyk nie.
5	“My ouers is baie streng. Ek het eers gedink my ouers is onregverdig. Hulle het my net probeer beskerm en gewaarsku teen dwelms. Jy mag nie dwelms gebruik as jy skryf nie.	Dwelms is nie goed vir jou nie.
6	Muneiwa wil eendag medies gaan	Jou toekoms is belangrik.

	<p>studeer. Sy stel belang in ander mense en sal daarvan hou om mense gesond te maak. Jy moet weet wat jy in die toekoms wil doen.</p>	
7	<p>Jy moet jou drome uitleef. Muneiswa is van mening dat wie nie drome het nie, 'n vervelige lewe het.</p>	Weet wat jou drome is en leef dit uit.
		GETAL WOORDE = 59
		TOTAAL AFDELING B: 10

OEFENING 2**AFDELING B: OPSOMMING**

Vraag 2	Moontlike antwoord/e	
	Teks	Vewagte antwoorde
1	Neem 'n lekker warm bad in die oggend.	Bad in die oggend.
2	Maak seker jy het die regte medikasie byderhand	Sorg dat jy die regte medisyne by jou het.
3	Bly weg van koffie en gemorskos.	Moenie koffie drink en gemorskos eet nie.
4	Moenie die hele dag lank vir almal in die fynste besonderhede vertel wat met jou verkeerd is nie.	Moenie vir almal van jou siekte vertel nie.
5	Bel onmiddellik die apteek.	Bel dadelik die apteek.
6	Stel vergaderings of afsprake wat stresvol mag wees uit.	Maak jou dag rustig.
7	Maak 'n afspraak by jou huisdokter oor middagete.	Maak 'n afspraak by jou dokter.
		Getal woorde: 42
Totaal Afdeling B		10

OEFENING 3**AFDELING B: OPSOMMING**

	Teks	Verwagte antwoorde
1	Steek altyd 'n pad by voetoorgang oor. As daar nie een is nie, stap oor waar jy die verkeer goed kan sien.	Loop by verkeersoorgange oor.
2	Moenie die pad oorsteek tussen twee geparkeerde motors of naby 'n skerp draai nie – dan kan die motorryers jou nie sien nie.	Loop oor die waar motorryers jou kan sien.
3	Kyk links, regs en weer links om seker te wees dis veilig. Onthou, jy kan jou misreken met hoe vinnig 'n voertuig aankom.	Kyk links, regs en weer links voor jy loop.
4	Luister. Jy kan soms verkeer hoor voor jy dit kan sien, so luister of jy motors hoor aankom.	Luister of jy verkeer hoor.
5	As jy dink 'n bestuurder het jou gesien en wag dat jy oor die pad stap, probeer om hom in die oë te kyk om seker te maak hy wag vir jou.	Maak seker die motorryers sien jou oorloop.
6	Stap vinnig en reguit oor die pad. Moenie hardloop nie, want dan kan jy makliker val.	Stap vinnig en reguit oor die pad.
7	Moet nooit in die pad stap of staan nie. Die paaie is vir motors om in te ry, nie vir kinders om in te loop nie.	Moenie in die pad staan of loop nie.
		GETAL WOORDE: 47

OEFENING 4**AFDELING B: OPSOMMING**

WENKE VIR GOEIE EN GESONDE GEWOONTES			
	TEKS		VERWAGTE ANTWOORDE
1	Dit is belangrik om jou dag met 'n goeie ontbyt te begin. Studies toon dat mense wat ontbyt oorslaan, 'n 21% groter kans het om diabetes te ontwikkel.	1	Begin jou dag met 'n goeie ontbyt.
2	Jy moet elke dag vars groente en vrugte eet. Hierdie kosse bevat noodsaaklike vitamienes, vesel en ook gesonde suiker wat belangrik vir 'n gesonde leefstyl is.	2	Eet elke dag vars groente en vrugte.
3	Drink genoeg water; 6 – 8 glase is 'n goeie riglyn. Daar is baie mense wat nie van water hou nie, maar mens kan aanleer om dit te drink.	3	Drink genoeg water.
4	Jy moet gereelde maaltye eet. Sodra jy maaltye oorslaan, kan jou bloedsuiker val wat veroorsaak dat jou produktiwiteit verminder	4	Eet gereelde maaltye.
5	Korrekte porsiegroottes is belangrik. Indien jou porsies te groot of te klein is, is daar 'n wanbalans in jou energie en voedingswaarde wat jy inneem. Dit kan jou lewenskwaliteit negatief beïnvloed	5	Eet korrekte porsiegroottes.
6	Die inname van verfynde stysel moet beperk word. Dit sluit happies soos pasteie, kitspap, beskuitjies, pasta, beskuit en koekies in.	6	Beperk die inname van verfynde stysel.
7	Probeer om jou vet-inname te beheer. Vet is belangrik vir jou dieet, maar te veel vet kan lei tot bloedvat-en hartsiektes.	7	Beheer jou vet-inname.

		Getal woorde: 33
--	--	------------------

OEFENING 5**AFDELING B: OPSOMMING****Hoe om misdaad te beveg.**

Vraag 2	Moontlike antwoord/e	
	Teks	Vewagte antwoorde
1	Sorg dat jy die telefoonnommers van jou ouers en die polisie ken om misdaad te rapporteer. Jy kan hulle bel as jy hulp nodig het.	<ul style="list-style-type: none"> • Ken die telefoonnommers van jou ouers en die polisie.
2	Om uit die moeilikheid te bly moet jy jou identiteitsdokument veilig hou . Jy moet kan bewys wie jy is.	<ul style="list-style-type: none"> • Hou jou identiteitsdokument veilig.
3	Moet nooit jou bankkaart aan enige iemand gee om vir jou geld te trek nie. Hulle kan jou geld steel.	<ul style="list-style-type: none"> • Moet nooit jou bankkaart aan iemand gee nie.
4	As jy jou selfoon wil wegsteek, hou dit waar niemand dit kan sien nie . Mense sal jou aanrand om jou selfoon te steel.	<ul style="list-style-type: none"> • Hou jou selfoon waar niemand dit kan sien nie.
5	Moenie kos en drankies van mense wat jy nie ken, vat nie . Op so manier kan jy vergiftig word	<ul style="list-style-type: none"> • Moenie kos en drankies van vreemdelinge aanvaar nie.
6	Jy moet geweld teen vroue en kinders rapporteer as deel van jou plig om misdaad te beveg. Dit is soms vir hulle moeilik om dit self te rapporteer	<ul style="list-style-type: none"> • Rapporteer geweld teen vroue en kinders.
7	Moenie gesteelde goed koop nie . Dit kan jou in die tronk laat beland.	<ul style="list-style-type: none"> • Moenie goed koop wat gesteel is nie.
Totaal Afdeling B		Getal woorde: 51 10